# WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (PAIA) NO. 2 VAN 2000

## KEN JOU REG OP INLIGTING !!

INFORMATION REGULATOR (SOUTH AFRICA)
*Ensuring protection of your personal information and effective access to information*

www.inforegulator.org.za

# WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (PAIA) NO. 2 VAN 2000

# KEN JOU REG OP INLIGTING !!!



## Wat beteken PAIA vir jou?

**Dit gee jou die mag om jou grondwetlike reg uit te oefen om:**

a) Toegang tot enige inligting/rekord wat 'n openbare liggaam, private liggaam of 'n ander persoon mag hê, te verkry wat jy dalk nodig het om jou reg uit te oefen of dit te beskerm.

**Let wel:** Dit moet gedoen word op 'n manier wat hierdie reg balanseer met ander regte soos uiteengesit in die Grondwet van Suid-Afrika.

## Hoekom sal ek nodig hê om toegang tot sekere inligting te verkry?

Om jou reg uit te oefen of dit te beskerm.

## By wie versoek ek inligting wat ek benodig?

Van die Inligtingsbeampte (IO) van die openbare of private liggaam.



## Wat is 'n rekord?

Enige inligting wat aangeteken is en in die besit is van 'n persoon, openbare liggaam of private liggaam.

## Wat is openbare en private liggame?

**Voorbeeld van openbare liggame:**
Staatsdepartemente, Munisipaliteite ens.

**Voorbeeld van private liggame:**
Besighede, Politieke Party ens.

## Ander stappe om te volg wanneer inligting versoek word:


Die IO sal jou bystaan.
Hy/sy sal vir jou die vorm gee om te voltooi.

**Let wel:** As jy nie kan skryf nie, sal jy vir hom/haar die nodige inligting op die vorm gee en hulle sal dit namens jou voltooi!

## Wagtydperk nadat ek 'n versoek gerig het?

Dertig (30) dae nadat die IO jou versoek ontvang het.

**Let wel:** Dit kan verleng word, maar die IO moet jou inlig.



### Indien die IO die versoek aan jou toestaan:

Jy sal 'n kennisgewing ontvang wat verduidelik hoe die rekords gegee sal word (kopie, besigtiging van beeldmateriaal of opnames).

## As die IO weier om vir jou die rekord te gee, kan dit wees omdat:

a) die rekord nie bestaan nie.
b) die sekuriteit van 'n ander persoon in gevaar gestel kan word.
c) die verdediging van die land in die gedrang kan kom.
d) die Wet nie toelaat dat die openbare liggaam of private liggaam of amptenaar dit vrystel nie.

**Let wel:** Jy moet 'n rede vir weiering gegee word!

### As jy nie tevrede is met die weiering om die rekord te verkry nie:

Jy kan 'n interne appèl doen by die liggaam van wie jy die inligting aangevra het; indien nie suksesvol nie, kan jy 'n klag by die inligtingsreguleerder indien of 'n aansoek by 'n hof indien.

**GIDS VIR DIE PUBLIEK**



# CONNECT WITH US

JD House, 27 Stiemens Street,
Braamfontein, Johannesburg, South Africa
P.O Box 31533, Braamfontein,
Johannesburg, 2017,
South Africa

Toll Free: +27 80 001 7160
Email: enquiries@inforegulator.org.za
Website: www.inforegulator.org.za